**EKONOMIE GR 10: WERKOPDRAG MODULE 3 EENHEID 4: VERGELYKING VAN EKONOMIESE STELSELS** ***MEMORANDUM***

**1 Watter drie kernsake verskil tussen verskillende ekonomiese stelsels?**

Wie die produksiefaktore besit, hoe vry die lede van die ekonomie ten opsigte van ekonomiese deelname is en die rol van die staat in die ekonomie.

**2 Wat is die kenmerke van die kapitalisme ten opsigte van bogenoemde drie faktore?**

Produksiefaktore is in privaatbesit, lede is vry om eie keuses te doen, staat reguleer slegs sekere aspekte van die ekonomie.

**3 Noem die twee ekonomiese stelsels wat nie welvaart bevorder nie.**

Die tradisionele stelsel en die bevelstelsel.

**4 Watter ekonomiese stelsel kom tans meestal voor?**

Die gemengde ekonomiese stelsel.

**5 Wat is kenmerkend van persoonlike belasting in sosialistiese lande?**

Persoonlike belasting is hoog.

**6 Watter ekonomiese stelsel bevorder persoonlike welvaart?**

Die kapitalisme (die markstelsel).

**7 Aan watter beginsel word die prestasie van die staat in 'n gemengde ekonomie gemeet?**

Of die staat dienste lewer wat ooreenkom met die bedrag belasting wat die staat ingevorder het.

**8 Noem twee lande waar persoonlike welvaart van inwoners baie laag is.**

Noord-Korea en Zimbabwe.

**9 Watter ekonomiese stelsel se doelwit is om persoonlike inkomste gelyk te versprei?**

Sosialistiese ekonomiese stelsels.

**10 Wat vorm die dryfkrag agter ekonomiese aktiwiteite in die kapitalistiese stelsel?**

Die mens se strewe om in so veel moontlik van sy materiële behoeftes te voorsien.

**11 Noem die ses soorte ekonomiese stelsels in volgorde soos wat dit ontstaan het.**

Die tradisionele stelsel, die feodale stelsel, die merkantilisme, die kapitalisme, die bevelstelsel en die gemengde stelsel.